justchad_cga

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (13/15)

*Justin Chadwick (10 April 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Don't ever take a fence down until you know why it was put up" Robert Frost***

## SKATTING - UITVOERVOLUME

Die Sitrusbemarkingsforum (CMF) het op 26 Maart vergader om die geskatte uitvoervolume van suider-Afrika in 2015 te bespreek. Die voorlopige skatting is breedvoerig op uitvoerder- en variëteitsfokusgroepvlak bespreek - voordat dit gefinaliseer is. In totaal is die skatting laer as dit wat werklik in 2014 vir uitvoer gepak is - 113.1 miljoen 15 Kg kartonne (af met 2.2% van 2014 se 115.7 miljoen).

**Sagte sitrus** uitvoere bly stabiel op 10 miljoen kartonne; terwyl Satsumas met 2% toeneem - 1.8 miljoen kartonne, en mandaryne wat met 4% - 5.3 miljoen kartonne toeneem, clementines is met 5% af. Binne die mandaryne is novas af met 21% (alternatiewe drag), terwyl laat mandaryne met 23% meer is (nuwe aanplantings kom nou in produksie).

By die lemoene is beide valencia- en naweltipes se volume skattings met 3.5% minder in vergelyking met die werklike syfer van 2014; **valencias** neem af van 50.9 na 49.1 miljoen kartonne; en **nawels** van 26 na 25.1 miljoen kartonne. Die hoofrede vir die afname is die hael in Senwes en Wes-Kaap produksie-areas.

**Suurlemoene** se volumes neem steeds toe - 2.9% toename (klein) - op van 13.2 miljoen kartonne in 2014 na 13.6 miljoen in 2015.

**Pomelo's** toon 'n afname - af met 2% van 15.6 in 2014 na 15.3 miljoen in 2015 (steeds baie minder as die 18.2 miljoen wat in 2013 vir uitvoer gepak is). Volgens die uitvoerders kan hierdie skatting met 16 tot 20% verminder soos die seisoen vorder en gehalte spesifikasies meer duidelik word.

| | Valencias | Pomelo's | Nawels | Suurlemoene | Sagte Sitrus | Totaal Sitrus |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2013 | 51.4 | 18.2 | 25.4 | 10.6 | 8.4 | 114.1 |
| 2014 | 50.9 | 15.6 | 26.0 | 13.2 | 10.0 | 115.7 |
| 2015* | 49.1 | 15.3 | 25.1 | 13.6 | 10.0 | 113.1 |

**2015 skatting – Neem kennis hierdie opsomming is in miljoene van 15 kg ekwivalente kartonne vir vergelykende redes en sluit volumes van Swaziland en Zimbabwe in.*

## WEEKLIKSE NUUS VAN RUSLAND

Elke week stuur die CGA se verteenwoordiger in Moskou, Mikhail Fateev, 'n verslag oor die status van die sitrusmark in Rusland. Hierdie weeklikse verslag word aan 'n wye reeks van CGA en FPEF lede versprei – as jy 'n lid van CGA en FPEF is en graag die weeklikse verslag wil ontvang, stuur asseblief vir my jou kontakbesonderhede.

## GEPAK EN VERSKEEP

Ongelukkig gaan ons 'n seisoen tegemoet waaroor "Moeilik" geskryf staan; wêreldmarkte is steeds onder druk van die resessie; geo-politieke besluite het tot onsekere marktoestande gelei; beskerming van plaaslike produsente word 'n prioriteit en ons eie volumes beskikaar vir uitvoer groei. Verantwoordelike besluitneming sal beteken dat ongewenste of teveel vrugte uit die mark gehou moet word (verkoop plaaslik of verwerk). Verantwoordelike besluitneming beteken ook dat jy 'n vaste ooreenkoms vir jou vrugte het – 'n chaotiese bemarkingsomgewing lok spekulante. Handel liewers met verantwoordelike vennote – diegene wat hul deur dik en dun bewys het. Hierdie verantwoordelike vennote sal kontrakte eerbiedig – verkieslik met vaste volumes, gehalte en prys gespesifiseerd. Streng betalingsvoorwaardes sal uitvoerders toelaat om die verantwoordelike vennote te identifiseer (wie gewillig sulke ooreenkomste sal sluit en eerbiedig); terwyl die wat vir verkope op besendingbasis gaan of gedeeltelike betalingsooreenkomste aangaan moeilik is om te vind as die mark in die verkeerde rigting beweeg. Die boodskap van Rusland is dat daar baie lemoene van Egipte van substandaard gehalte is wat teen baie lae pryse verkoop – hierdie situasie sal tot aan die einde van Mei voortduur. Die swak roebel het tot voedselinflasie van 16-17% gelei; Russiese invoerders kyk om vrugte teen laer pryse te kry – wees versigtig!! Wees ook versigtig in die Midde-Ooste waar streng betalingsvoorwaardes nodig is - hierdie is nie die jaar om te spekuleer nie!!! Produsente moet die terme en voorwaardes waarvoor hul uitvoerders onderhandel verstaan, teen die einde van die dag is dit die produsent wat die verliese van 'n swak ooreenkoms dra.

| Tot einde week 14 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 0.1 m | 0.1 m | 0.1 m | - | - | 15.3 m | 15.3 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 0.9 m | 0.5 m | 0.8 m | 0.3 m | 0.5 m | 10 m | 10 m | 10 m |
| Suurlemoene | 1.1 m | 0.9 m | 1.1 m | 0.5 m | 0.8 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | - | - | - | - | - | 25.1 m | 25.1 m | 26 m |
| Valencias | - | - | - | - | - | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 2.1 m | 1.5 m | 2 m | 0.8 m | 1.3 m | 113.1 m | 113.1 m | 115.7 m |